



GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN
JUNIE 2018
GRAAD 11

REKENINGKUNDE

TYD: 3 uur

PUNTE: 300

17 bladsye

GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS
PROVINSIALE EKSAMEN**REKENINGKUNDE****TYD: 3 uur**
PUNTE: 300

Vraag	Onderwerp	Punte	Tyd in minute
1	Bankversoening	40	24 minute
2	Krediteure versoening	20	12 minute
3	Bateverkope	60	36 minute
4	Vennootskap: Grootboekrekeninge	50	30 minute
5	Finansiële state: Inkomstestaat	75	45 minute
6	Finansiële state: Balansstaat	55	33 minute
Totaal		300	180 minute

INSTRUKSIES EN INLIGTING**Lees die volgende instruksies sorgvuldig deur en volg dit noukeurig.**

1. AL die vrae moet beantwoord word.
2. Toon alle bewerkings om punte daarvoor te kry.
3. Lees die instruksies noukeurig en volg dit presies na.
4. Nieprogrammeerbare sakrekenaars kan gebruik word.
5. Alle antwoorde moet in blou ink gedoen word.

VRAAG 1

(40 punte; 24 minute)

BEGRIPPE, BANKVERSOENING EN VERTOLKING

BEGRIPPE

1.1 Voltooi elkeen van die volgende sinne.

- 1.1.1 'n Tjek wat ouer as ses maande is, sal nie deur die bank aanvaar word nie omdat dit 'n ... is. (1)
- 1.1.2 Toestemming verleen aan 'n derde party om maandeliks outomatiese betalings uit die lopende rekening van 'n besigheid te ontvang, staan bekend as ... (1)
- 1.1.3 'n Bedrag wat 'n bank maandeliks van die rekeninghouer se rekening aftrek, wat gebruik word om die bankrekening te bestuur is ... (1)
- 1.1.4 'n Inskrywing wat as 'n 'onbetaalde' tjek op die bankstaat aangedui word ... (1)
- 1.1.5 'n Fasiliteit waarby 'n besigheid meer geld uit sy lopende rekening mag gebruik as die hoeveelheid geld wat die besigheid in sy lopende rekening beskikbaar het ... (1)

1.2 Hierdie inligting is op 30 Junie 2018, uit die boeke van Buckam Handelaars verkry.

OPDRAGTE:

- 1.2.1 Berei die **bankrekening** voor deur inskrywings te maak wat jy nodig ag wat direk in die bankrekening gemaak moet word. Jou inskrywings moet die name van die regte teenrekening weergee. Balanseer die rekening behoorlik soos op 30 Junie 2018. (18)
- 1.2.2 Berei die bankversoeningsrekening voor op 30 Junie 2018. (9)
- 1.2.3 Verwys na inligting Nr. 12 en antwoord die onderstaande vrae.
 - (a) Hoekom behoort die ouditeur bekommerd te wees oor die verskil van R10 000? (4)
 - (b) Watter interne voorsorgmaatreëls, behalwe om 'n bankversoening te doen, kan die besigheid tref om te voorkom dat dieselfde weer gebeur? Gee TWEE metodes. (4)

INLIGTING:

1. Saldo op 30 Junie 2018
 - Die bankrekening in die algemene grootboek toon 'n negatiewe voorlopige saldo van R9 228.
 - Bankstaat saldo?
2. Die volgende inskrywings verskyn in die bankversoeningstaat op 31 Mei 2018.

Uitstaande deposito	12 390
Uitstaande tjeks:	
Nr. 397 (15 November 2017- as 'n donasie uitgereik)	420
Nr. 499 (20 June 2018 – aan 'n krediteur uitgereik)	2 960
Nr. 503 (15 June 2018 – betaling van skryfbehoeftes)	5 648
Uitstaande EFO (Elektroniese oorplasing)	1 000

NOTAS:

Tjek nr. 499 en die uitstaande EFO verskyn op die Junie bankstaat.

3. 'n Tjek van B. Crain van R600 verskyn op die bankstaat as onbetaald.
4. 'n Deposito van R5 620 op 30 Junie 2018 word nie op die bankstaat weergegee nie.
5. 'n Deposito vir kontantverkope van R2 190 word in die KOJ as R2 910 aangedui.
6. 'n Debiteur, I Mocking het R1 000 direk in die bankrekening van Buckam Handelaars oorgeplaas ter betaling van sy rekening van R1 100.
7. Die eiernaar se persoonlike jaarlikse bate assurance premie ten bedrae van R1 440 was deur middel van 'n aftrekorder betaal.
8. Die volgende items is nie by die bank aangebied vir betaling nie:
 - Tjek nr. 537 for R212 (gedateer 28 JUNIE 2018)
 - Tjek nr. 549 for R1 420 (gedateer 15 JULIE 2017)
9. 'n EFO betaling van R640 is gedoen nadat die bankstaat reeds gedruk was.
10. Bankkoste van R80 en rente op die oortrokke saldo ten bedrae van R60 wat op die bankstaat verskyn, moet in die rekening aangedui word.
11. Tjek nr. 538, ten bedrae van R5 820, uitgereik ter betaling vir verhandeling van aandele, is verkeerdelik aangedui in die KOJ as R5 280.
12. Die interne ouditeur het in Junie 2018 opgemerk dat die deposito van R12 390 wat in die bankversoeningstaat van Mei 2018 verskyn, op die Junie 2018 bankstaat as R2 390 aangedui word. Geen nalatigheid deur die bank kon gevind word nie.

VRAAG 2
(20 punte; 12 minute)
BEGRIPPE EN KREDITEURE VERSOENING
BYPASSINGS:

Begrippe rakende die krediteure word in KOLOM A aangedui en beskrywings in KOLOM B. Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat pas by 'n begrip in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A – D) langs die vraagnommer (2.1.1 – 2.1.4) in die antwoordboek.

2.1		KOLOM A		KOLOM B
2.1.1		Debietnota	A	'n Vermindering van die bedrag verskuldig word aan die kliënte gegee wat hul rekeninge betyds betaal
2.1.2		Kredietnota	B	'n Persentasie afslag van die pryslys van goedere wat 'n besigheid aan sommige kliënte mag gee
2.1.3		Korting toegestaan	C	'n Dokument wat op die krediteurestaat sal voorkom om te bevestig dat die foutiewe goedere deur die verskaffer aanvaar is
2.1.4		Handelsafslag	D	'n Dokument wat deur die besigheid aan die verskaffer gestuur word wanneer goedere terug gestuur word of 'n toelaag word versoek

(4)
RAI HANDELAARS

'n Staat van rekening ontvang van NA Verskaffers op 25 Julie 2018, toon dat RAI Handelaars aan hulle 'n bedrag van R14 846 verskuldig is. Die krediteure grootboek van RAI Handelaars se boeke toon egter dat hulle slegs 'n uitstaande bedrag van R6 038 aan NA Verskaffers verskuldig is.

OPDRAGTE:

- | | | |
|-----|--|-----|
| 2.2 | Bereken die korrekte saldo vir RAI Handelaars in die krediteure grootboek. | (6) |
| 2.3 | Berei 'n krediteureversoeningstaat voor op 31 Julie 2018. | (7) |
| 2.4 | Verduidelik hoekom die krediteurekontrolerekening se saldo altyd gelyk moet wees aan die totaal van die krediteurelys. | (2) |
| 2.5 | Wat is die doel daarvan om 'n krediteureversoening te doen? | (1) |

INLIGTING:
**A. KREDITEURE GROOTBOEK VAN RAI HANDELAARS
NA VERSKAFFERS (CL 7)**

Datum		Besonderhede	Fol	Debit	Krediet	Saldo
2018 JUL	1	Rekening gelewer				6 750
	3	Faktuur nr. 2640	KJ		8 500	15 250
	5	Tjek nr. 2013	KBJ	3 200		12 050
	5	Korting ontvang	KBJ	320		11 730
	12	Faktuur nr. 4618	KJ		4 880	16 610
	15	Debietnota 214	KAJ	740		15 870
	24	Faktuur nr. 4632	KJ		1 237	17 107
	27	Tjek 2368	KBJ	10 000		7 107
	27	Korting ontvang	KBJ	1 069		6 038

B. Staat ontvang van NA VERSKAFFERS

NA VERSKAFFERS STAAT					
FAKEWEG 18 ZAMALI 1511 REKENING VAN RAI HANDELAARS			Tel: 032 705 0961 Faks: 011 4125431 25 JULIE 2018 REKENING NR.: MRN 111		
Datum		Besonderhede	Debiet	Krediet	Saldo
2018 JULIE	1	Saldo			6 750
	3	Faktuur nr. 2640	5 800		12 550
	7	Kwitansie nr. 373		3 200	9 350
	12	Faktuur nr. 4618	4 880		14 230
	15	Kredietnota 261		690	13 540
		Faktuur nr.4632	1 237		14 777
	25	Rente op agterstallige rekening	69		14 846

ADDISIONELE INLIGTING:

Tydens 'n vergelyking van die staat vanaf NA Verskaffers ontvang met die rekening in die krediteure grootboek, is die volgende opgemerk:

- (a) RAI Handelaars het die fout begaan met die prosessering van faktuur 2640.
- (b) Die 10% afslag moes op 5 Julie 2018 aan NA Verskaffers toegestaan gewees het.
- (c) Die transaksie op 15 Julie 2018 in terme van goedere teruggestuur deur NA Verskaffers is korrek in die boeke van RAI Verskaffers.

VRAAG 3

(60 punte: 36 minute)

BATEVERKOPE

- 3.1 Pas die woorde / frases in Kolom A met die beste definisie / verduideliking in Kolom B.

(5)

KOLOM A		KOLOM B	
3.1.1	Vaste bates	A	'n Eiendom wat in die besigheid bly vir minder as 'n jaar en gebruik word om inkomste te genereer
3.1.2	Verkoop	B	Wanneer 'n besigheid besluit dat die bruikbare waarde van 'n vaste bate verby is raak hulle daarvan ontslae deur dit te skrap, te verkoop, te skenk of af te pensioeneer
3.1.3	Historiese koste	C	'n Beheermaatreël om rekord te hou van die waardevermindering en besonderhede van elke individuele vaste bate in die besigheid
3.1.4	Waardevermindering	D	'n Eiendom wat vir meer as een jaar in die besigheid bly en gebruik word om inkomste te genereer
3.1.5	Vastebate-register	E	Klein bedrae wat nie regtig waarde vir die besigheid het nie, mag volgens die AARP-prinsiep weggelaat word
		F	Die vermindering in waarde van 'n vaste bate, normaalweg as gevolg van verwerping
		G	Die oorspronklike prys wat vir die vaste bate betaal is moet aangeteken word ooreenkomstig die AARP-prinsiep

3.2 Hierdie inligting kom uit die boeke van Westville Aflewerings.

OPDRAGTE:

- 3.2.1 Bepaal die waardevermindering op toerusting vir die jaar geëindig op 31 Desember 2017. (8)
- 3.2.2 Voltooi die waardeverminderingskedule soos op 1 Julie 2017 vir die verkoopte voertuig. (13)
- 3.2.3 Berei die batebeskikkingsrekening voor in die algemene grootboek soos op 1 Julie 2017. (8)
- 3.2.4 Voltooi die vaste bate-nota in die finansiële state soos op 31 Desember 2017. (20)
- 3.3 Die eienaars is bekommerd oor die swak interne kontrole oor die vaste bates, ook dat die syfers vir die vaste bates in die boeke en die finansiële state onbetroubaar is. Jy is aangestel as die nuwe interne ouditeur. Doen DRIE voorstelle hoe om die potensiële probleem op te los. (6)

INLIGTING:

1. Uittreksel van 'n Vooraanpassingsproefbalans van Westville Afleweraars

Lys van Saldo soos op 31 Desember 2017

Grond en geboue	820 000
Voertuie	1340 000
Toerusting	405 000
Opgehoopte waardevermindering op voertuie	530 000
Opgehoopte waardevermindering op toerusting	120 000

2. Grond en geboue

Op 31 Augustus 2018, is Excel Bouers R80 000 betaal vir die volgende:

- Herstel van die dak, R18 000
- Uitbreidings aan die kantoorblok, R62 000

Die totale bedrag is gedebiteer na Grond en Geboue op 31 Augustus 2018.

3. Toerusting

Nuwe toerusting ter waarde van R55 000, is op 1 Oktober 2017 ingevoer. Invoerbelasting van R5 000 is daarop betaal. Geen inskrywings is gemaak nie.

Geen toerusting is gedurende die jaar verkoop nie.

Waardevermindering word op die kosprys metode bereken teen 20% per jaar.

4. Voertuie

Op 1 Julie 2017 is een van die afleweringsvoertuie uit die perseel gesteel. Die versekeringsmaatskappy het R40 000 minder as die boekwaarde uitbetaal.

Die bladsy in die vastebateregister vir hierdie voertuig was onvolledig. Die volgende inligting was beskikbaar:

Kosprys: R160 000
Aankoop: 1 Julie 2015
Waardevermindering: Verminderende saldo metode teen 10% per jaar

Die transaksie was nooit ingeskryf nie.

Geen nuwe voertuie is gedurende die jaar aangekoop nie.

Waardevermindering word bereken op die verminderende saldo metode teen 10% per jaar.

VRAAG 4

(50 punte: 30 minute)

VENNOOTSKAPPE

Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekeningkundige rekords van Highway Verspreiders, 'n vennootskap wat deur B. Bembe en P. McCarthy bestuur word.

OPDRAGTE:

Gebruik die onderstaande inligting om die volgende op te trek:

- 4.1 Lopende rekening: B Bembe vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2018. (13)
- 4.2 Verdelingsrekening vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2018. (18)
- Berekeninge (8)
- 4.3 Bereken die persentasie wins wat McCarthy gemiddeld gemaak het op sy aandele. (11)
- Behoort hy tevrede te wees? Motiveer jou antwoord. (11)

INLIGTING:

1. Die volgende saldos is uittreksels uit die grootboek van Highway Verspreiders:

	2018	2017
Kapitaal: Bembe	R360 000	
Kapitaal: McCarthy	R760 000	R680 000
Lopende rekening: Bembe	R2 300 (Dt)	
Lopende rekening: McCarthy	R12 300 (Dt)	R4 500 (Kt)
Onttrekkings: Bembe	R25 000	
Onttrekkings: McCarthy	R30 000	

2. Bembe het 'n ou besigheidsvoertuig met 'n boekwaarde van R45 000, vir sy eie gebruik geneem. Die transaksie is nooit aangeteken nie.
3. Op 1 Augustus 2017 het Bembe sy kapitaal met R140 000 vermeerder.

4. Die vennootskapsooreenkoms bepaal die volgende:
- Die vennote is geregtig op 12% per jaar rente op hulle kapitale beleggings.
 - McCarthy se rente vir die jaar beloop R23 200. Bembe se rente moet nog bereken word.
 - Op 1 Januarie het Bembe 'n verhoging van 10% op sy maandelikse salaris van R26 500 ontvang.
 - P McCarthy se salaris vir die jaar was R389 200.
 - Aan die einde van die finansiële periode het Bembe 'n bonus ter waarde van 90% van sy maandelikse salaris aan die begin van die finansiële jaar ontvang.
 - McCarthy se bonus vir die jaar was R28 800.
 - Die vennote het die res van die winste of verliese verdeel in die verhouding 2:1.
 - McCarthy se deel van die finale verdeling was R125 150.
5. Die inkomstestaat op 28 Februarie 2018 toon 'n netto wins van ...?

VRAAG 5

(75 punte: 45 minute)

INKOMSTESTAAT

- 5.1 Pas die beskrywing in kolom A met die terme in kolom B. Skryf slegs die korrekte letter langs die vraagnommer in jou antwoordboek (5)

Kolom A		Kolom B	
5.1.1	Die tydperk wat 'n besigheid kies vir die berekening van sy netto wins, is gewoonlik een jaar.	A	Beleggings-aktiwiteite
5.1.2	Samel geld in vir die besigheid óf van die eienaar óf van geldskieters.	B	Balansstaat
5.1.3	Belê die besigheid se geld met die doel om 'n wins te maak.	C	Finansieringsaktiwiteite.
5.1.4	Dui die finansiële posisie van die besigheid aan.	D	Kredietwaardigheid
5.1.5	Die vermoë van die besigheid om sy totale verpligtinge na te kom.	E	Tydperk vir finansiële verslae
		F	Vloeibaarheid

5.2 **Inkomstestaat**

Die volgende inligting is uit die boeke van JZ Ondernemers. Die besigheid verkoop en herstel skoene.

Die finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.

OPDRAGTE:

Berei 'n Inkomstestaat voor vir die jaar geëindig op 28 Februarie 2018. (70)

INLIGTING

A Uittreksel van die vooraanpassingsproefbalans op 28 Februarie 2018

	DEBIET	KREDIET
Verkope		2 436 000
Koste van verkope	1 235 000	
Debiteure toelae	12 000	
Verbruikersgoedere (Verpakkingsmateriaal) 1 Maart 2018	1 860	
Kommissie inkomste		12 396
Versekering	4 260	
Oninbare skulde	1 730	
Huurinkomste		246 400
Korting toegestaan	2 340	
Bankkoste	7 410	
Rente op lopende rekening		2 300
Diverse uitgawes	?	
Oninbare skulde verhaal		2 475
Salarisse en lone	780 000	
Skryfbehoeftes	27 000	
Telefoonkoste	43 200	
Verpakkingsmateriale	12 100	
Korting ontvang		1 775
Reklame	14 690	
Rente ontvang		1 630
Water en elektrisiteit	76 090	

B Bykomende inligting en aansuiwerings

1. Volgens 'n fisiese voorraadopname was die volgende goedere in voorraad op 28 Februarie 2018:

- Verpakkingsmateriale, R1 800
- Skryfbehoeftes, R700

LET WEL: DIE TERUGSKRYWING VAN VERPAKKINGSMATERIAAL OP 1 MAART 2017 IS NIE GEDOEN NIE.

2. Handelsvoorraad van R3 650 wat op skuld gekoop is, was in die skryfbehoefterekening ingeskryf. Stel die fout reg.
3. Voorraad ter waarde van R5 000 is beskadig deur 'n gebarste water pyp. 'n Eis is by die versekeringsmaatskappy ingedien. Hulle het ingestem om 70% van die koste te dek. Die tjek af is nog nie van die maatskappy af ontvang nie.
4. Kommissie ten bedrae van R1 170 is verskuldig aan JZ Ondernemers. Hierdie bedrag is nog nie deur JZ Ondernemers ontvang nie.
5. Die huurder het reeds die huur vir Maart 2018 betaal. Die huur was vanaf 1 Oktober 2017 met R1 200 per maand verhoog.
6. 'n Tjek van 'n debiteur, M. Slip, is deur die bank teruggestuur weens onvoldoende fondse in sy rekening. Die waarde van die tjek was R3 300. Afslag van R150 is aan hom toegestaan.

Geen inskrywings is gemaak om die tjek en die afslag te kanselleer nie.

7. M Goodman, 'n debiteur, is bankrot verklaar op 25 Februarie 2018. Sy boedel het 'n dividend van R780 aangebied, 'n dividend van 40 sent in die rand is uiteindelik betaal. Die saldo op sy rekening moet afgeskryf word. Geen inskrywings is hieroor gemaak nie.
8. Voorsiening vir oninbare skulde moet met R163 verhoog word.
9. Krediteur, Roberts Verspreiders, hef 12% rente per maand vir drie maande op JZ Ondernemers se uitstaande rekening van R10 400.
10. Die telefoonrekening van R2 800 is nog uitstaande.
11. 'n Versekeringsmaatskappy se premie van R1 320 is intussen betaal en op 1 Mei 2017 in die boeke opgeteken. Die polis verval op 30 April 2018.

12. 'n Werknemer se salaris is nie in berekening gebring met die salarisbetalings op 28 Februarie 2018 nie. Haar bruto salaris beloop R27 400.

Aftrekkings van werknemer se salaris		Besigheid se bydrae	
LBS	R6 850		
Mediese fonds	R1 800	Mediese fonds	75% van werknemer se bydrae
Pensioenfonds	5% van bruto salaris	Pensioenfonds	Rand-tot-rand basis
WVF	1% van bruto salaris	WVF	1% van bruto salaris
		VOH	1% van bruto salaris

Alle uitgawes wat verband hou met salarisse word in die salaris en lonerekening opgeneem.

13. Waardevermindering vir die jaar beloop R46 920.
14. Die leningstaat vanaf ABSA op 28 Februarie 2018 toon die volgende:

Saldo op 1 Maart 2017	R948 000
Totale betalings gedurende die jaar	R423 000
Rente gekapitaliseer	?
Saldo op 28 Februarie 2018	R600 000

15. Bedryfskoste op verkope is 15%.

VRAAG 6**(55 punte: 33 minute)****BALANSTAAT****OPDRAGTE:**

- 6.1 Noem DRIE partye wat belangstel in die resultate op die finansiële state.
Verskaf 'n rede vir ELKEEN van die partye se belangstelling. (6)
- 6.2 Die volgende inligting is 'n uittreksel uit die rekords van Stark Ondernemings. Hulle finansiële jaar eindig op 28 Februarie 2018.
- 6.2.1 Voltooi die Balansstaat soos op 28 Februarie 2018. Toon alle werk in hakkes om punte daarvoor te kry. (40)
- 6.2.2 Bereken die volgende verhoudings en lewer kommentaar op die vloeibaarheid van die besigheid.
- (a) Bedryfskapitaal verhouding (3)
 - (b) Vuurproef verhouding (4)
 - (c) Kommentaar (2)

INLIGTING

A Uittreksel uit die Na-aansuiweringsproefbalans soos op 28 Februarie 2018

	DEBIET	KREDIET
Verbandlening: Gothem Bank (1 Maart 2017)		350 000
Grond en geboue teen kosprys	780 000	
Toerusting teen drawaarde	78 000	
Voertuie teen drawaarde	98 000	
Handelsvoorraad	32 000	
Debiteurekontrole	48 000	
Voorsienig vir oninbareskulde		2 300
Krediteurekontrole		45 000
Oortrokke bankrekening		?
Kleinkas	1 200	
Vaste deposito: Elshen Bank	690 000	
Pensioenfonds		4 500
SAID: LBS		12 300
Verbruiksgoedere voorhande	1 700	
Opgeloopte inkomste	16 000	
Opgeloopte uitgawes		5 400
Vooruitbetaalde uitgawes	4 000	
Vooruit ontvangde inkomste		3 300

B Bykomende inligting

1. 'n Gedeelte van die vaste deposito sal op 31 Mei 2018 verval.
2. 'n Debitur se debiet balans van R2 000 in die debiteure grootboek moet nog oorgeplaas word na sy rekening in die krediteure grootboek.
3. Vooruitgedateerde tjeks betaalbaar in die volgende finansiële jaar, ter waarde van R32 000, is aan krediteure uitgereik.
4. 'n Faktuur vir die uitbreiding van die gebou ter waarde van R800 000, moet nog in die boeke ingeskryf word.
5. Die volgende het betrekking op die verbandlening van Gothem Bank:

Loonstaat van Gothem Bank op 28 Februarie 2018	
Rente gekapitaliseer gedurende die jaar	R15 000
Terugbetalings op die lening en rente vir die jaar	R78 000
Kapitale terugbetalings op die lening sal dieselfde wees in die volgende jaar	?

TOTAAL: 300

EINDE